VORDERINGSVERSLAG

'24

DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST

AAN: **VLOKSKOP STUDIEFONDS**

VAN: **DIE HELPENDE HAND STUDIETRUST**

DATUM: **28 MEI 2024**

INSAKE: **VORDERINGSVERSLAG - 2024**

Geagte Vlok & Marinda

Dit is vir die Solidariteit Helpende Hand Studietrust 'n uitsonderlike voorreg om die jongste vorderingsverslag aan u voor te lê. Die doel van hierdie verslag is om deursigtigheid en uitnemendheid te verseker, wat u in staat stel om ten volle ingelig te wees oor die bestuur en administrasie van die studiefonds wat ons namens u behartig.

Helpende Hand Studietrust Oorsig: 2009 – 2024

- **R320 000 000** is die afgelope 15 jaar in die vorm van rentevrye studielenings toegeken.
- **7000** studente is al gehelp.
- **5000** van die afgestudeerde studente werk reeds.
- **310** donateurs is betrokke.
- **220** studiefondse word tans deur ons bestuur.

Die VlokSkop Studiefonds, tesame met 219 ander studiefondse, dra op 'n beduidende wyse by tot die toekomstige ontwikkeling van ons jeug. Hierdie verslag bied 'n oorsig van die vordering gemaak sedert die stigting van die fonds, met spesifieke verwysing na die kandidate wat ondersteuning ontvang het.

Studente terugvoer:

Beste Vlok & Marinda

Ek hoop dit gaan goed.
My akademiese vordering lyk goed. Ons was besig met semester toetse laasweek en hierdie week. Ek skryf more my laaste toets. My klastoetse wat ek al geskryf het, se punte lyk goed. Daar is wel 2 modules waarmee ek sukkel, maar ek is besig om meer aandag daaraan te gee. Ons kry baie assignments en take tussen deur toetse en voorbereiding vir praktiese klasse wat ek elke week moet bywoon in Chemie, Fisiologie, Mikrobiologie en Farmasie Praktyk. Ons het na hierdie week nog 3 weke klas en dan begin my eksamen die 28ste Mei 2024.
Die studiefondslening het my baie gehelp. Dit het al die helfte van my studiekostes gedek. Die lening het 'n groot las van my ouers afgeneem en ek kan nie my dankbaarheid daarvoor beskryf nie.
Groete

Wilmari du Preez

Geagte donateurs.

Dit gaan baie goed met my. Ek studeer tans op Stellenbosch en is gelukkig in die koshuis met ‘n goed gebalanseerde studentelewe. Ek sou se dit gaan ook goed met my studies. Ek kom al my modules deur en het maar die gewone ou uitdagings wat alle student het as dit kom by studies. Sonder die lening sou ek nie kon studeer nie. My ouers kan nie my studiegeld dra nie en ek is afhanklik van die fonds sodat ek kan studeer. Hiervoor is ek baie dankbaar. Die ondersteuning en diens wat ek van jul ontvang is puik. Uitbetalings was nog altyd stiptelik en ek het nog geen probleme van enige aard ervaar nie. Weereens baie dankie vir jul ondersteuning. Dit maak ‘n helder toekoms vir my moontlik en bied my soveel geleenthede. Ek waardeer dit baie.

Groete.

Franko van Wyk

Geagte Vlok en Marinda

Hierdie jaar is my studies baie meer gefokus op die interpretasie van informasie eerder as om soos 'n papegaai te leer. Dit is definitief 'n aanpassing maar sover gaan dit goed. Die werk is definitief nie maklik nie en ek werk nogsteeds verskriklik hard vir die droom van my. Sover is my grootste uitdaging om nie moedeloos te raak as dinge nie so goed gaan nie, want daar is altyd nog 'n kans al voel dit nie altyd so nie. Die studiefonds help my nou al van my tweede jaar af en sonder dit sou ek definitief nie kon doen wat ek nou doen so ver van die huis af nie, want ek het nog 'n boetie by die huis wat spesiale hulp nodig het met leer en skoolwerk so dit maak die beskikbare fondse wat ons het soms 'n bietjie min en Veeartsenykunde is nie 'n goedkoop kursus nie. Ek is nog elke jaar baie dankbaar vir die hulp wat die studiefonds vir my lewer.

Juria Brand

Geagte donateurs

Dit gaan baie goed met my akademies, met meeste van my modules het ek onderskeidings. Ek hou maar n balans tussen my akademie en my sosiale lewe. Ek is baie gemotiveerd om hard te werk😊. Die studielening het dit definitief moontlik gemaak vir my om te studeer, so dankbaar vir dit. Dit laat my glo dat my drome om n wynmaker te wees wel bekombaar is.

Met dankbaarheid

Suray van Heerden

Geagte Vlok & Marinda,

As derdejaar BSc Sportwetenskapstudent is ek passievol oor my studies en geniet elke oomblik daarvan. Alhoewel dit soms uitdagend en gejaagd kan wees, sal ek niks verander nie. My grootste uitdaging vanjaar is egter my BSc Fisiologie-module. Dit dek alle aspekte van ligaamlike fisiologie. Aangesien ek in neuromuskulêre fisiologie belangstel, is dit vir my moeilik om gemotiveerd te bly en sukkel ek om sekere konsepte te verstaan. Dit is hoofsaaklik my grootste uitdaging hierdie jaar omdat hierdie module nie spesifiek vir sportwetenskap is nie.

Ek is uiters dankbaar vir die studielening wat ek van Helpende Hand Studiefondssentrum ontvang het, waarsonder ek nie by 'n tersiêre instelling sou kon studeer het nie. Die lening het my toegelaat om my studies in eerste, tweede en nou derde jaar te voltooi. Danksy die ondersteuning van Helpende Hand Studiesentrum sal ek aan die einde van die jaar my BSc Sportwetenskap-graad kan voltooi. Die lening het my ook bewus gemaak van hoe bevoorreg ek is en gevolglik is ek nou ‘n vrywilliger by Ons Plek Strand. Dit is my manier om terug te gee aan die organisasie en my dankbaarheid te bewys. Alhoewel ek tevrede is met die studenteleningstelsel wat Helpende Hand Studiefondssentrum bied, glo ek dat die bevordering van die verskillende maniere om by die organisasie betrokke te raak, voordelig kan wees. Eerder as om bloot studente aan te moedig om betrokke te raak, kan Helpende Hand Studiefondssentrum 'n lys van huidige projekte, saam met hul onderskeie liggings, datums en kontakbesonderhede vir betrokkenheid verskaf. Dit sal studente in staat stel om te kies hoe hulle wil betrokke raak en of die gekose projek plaaslik vir hulle is of nie. ‘n Voorbeeld is as 'n Food Drive een van die projekte is, moet die lys die verskillende Food Drives wat deur die jaar plaasvind, saam met die relevante liggings, datums en kontakbesonderhede, in 'n enkele dokument verskaf word. Die enkele dokument sal dit vir studente makliker maak om vrywilligersgeleenthede te vind waarvan hulle hou en hoe hulle betrokke kan raak. Deur die dokument met die lys van projekte aan studente te verskaf, sal studente meer geneig wees om deel te neem. Dit sal ook help om die verskeie vrywilligersprojekte georganiseer te hou.

Die uwe,

Lizaan Jansen van Rensburg

Beste Vlok & Marinda

Ek skryf graag om my opregte dankbaarheid vir die ondersteuning wat ek van julle ontvang gedurende hierdie tweede jaar van my studies te betuig. Ek word daagliks herinner aan my dankbaarheid vir mense en instansies soos julle wat so onbetwyfeld in my toekoms belê, en kan nie wag om eendag dieselfde te kan beteken vir ander nie. Sonder julle sou ek dalk glad nie so vêr gevorder het nie. Ek is nou, in jaar twee, steeds net nog meer en meer in my element wanneer ek by klasse instap. Om te besef dat ek op hierdie pad is, waar ek my passie elke dag uitleef is ‘n baie bevredigende warmte in my hart! Tweede jaar bring nuwe uitdagings met hom saam, maar ek voel absoluut so ‘invested & driven’ om net deur te druk en weet dat ons mos altyd vrugte pluk na harde seisoene van werk en leer! Ek is gelukkig om 'n sterk ondersteuningsisteem te hê. My gesin, maats, en kollegas by die werk maak my dae net nog beter en meer opwindend en help my swem wanneer die golwe soms bietjie woes raak. Ek sien uit dat my sussie my volgende jaar op Stellenbosch gaan kom join as dit God se wil is, en al die regte deure vir haar oopgaan.

Verder, het ek in hierdie eerste deel van Semester 3 lekker verjaar, die worship-span by die kerk gejoin, elke Vrydag gaan praktiese werk doen op die Welgevallen proefplaas, en gaan swem in die see! Ek het my ma verras op Moedersdag, en my Pa se MASSIVE impak op ons lewens gevier op die herdenking van sy stefte. Ek het die voorreg gehad om te reis na ander provinsies om werksverpligitnge na te kom maar ook lekker laat geslaap op party dae wanneer dit stil was by die werk. Ek het gaan smul aan lanzerac se scones en laat-aand roomys dates met vriendinne gehad. Ek het baaaaie ure in die biblioteek spandeer, en ook lekker baie toetse geskryf. Dit gaan goed. God is goed.

DANKIE

SUMANDI CAMPHER

BSC LANDBOU EKONOMIESE ANALISE EN BESTUUR (2E JAAR)

Terugvoer na Semester 3

Geagte donateurs

Ek het aan die begin van die jaar by NWU aaggesluit te danke aan die Vlokskop studielening. Dit sou nie moontlik gewees het vir my om enigstens hier opgeeindig het sonder die hulp nie. Ek is verlief op my kursus, veral omdat net twee instansies dit aanbied en relatief n nuwe rigting is.Dit by gesê, het ek aan die begin universiteit bietjie onderskat en moes vinnig aanpas met die pas en volume wat uiters meer is as waarin ek gewoond was. Ek het vinnig aangepas en ek behaal nou goeie punte in my modules met n paar onderskeidings hier en daar. My besluit om by NWU aangesluit het, was n redelike vinnige een wat oor die loop van 3 dae gebeur het, omdat my ouers huiwerig was op n kans te vat sonder die benodige fondse wat benodig sou word. Dit was die studiefonds wat my ouers die benodige sekuriteit gegee het om n stap van geloof te vat op my. Helpende Hand se diens is oor die algemeen baie goed, proffesioneel en vriendelik. As daar n moontlikheid sou wees vir eksta ondersteuning van die studiefonds sal n bydrae met verblyf my baie help, maar al is dit nie voel ek die studiefonds het vir my al so baie gedoen, my toegelaat om universiteit toe te gaan wat n droom van my was vanaf 14 jaar oud. Ek sal altyd baie dankbaar wees vir die vrygewigheid en nederigheid van die donateur om my die geleentheid gegee het om die eerste van my familie te wees wat die kans kon kry om universiteit toe te gaan.

Groete,

Carli Kritzinger

Goeienaand Helpende Hand span en donateurs.

Ek wil net weereens my waardering gee aan die geleentheid wat julle vir my gee om te studeer. Tans gaan dit nog goed met my akademie. Ek sukkel nie verskriklik met enige spesifieke vak nie. Behalwe Politieke wetenskap pootjie my nog bietjie. Dit is 'n aanpassing om aan die Engels gewoond te raak. Voorbereidings is op dreef vir die opkomende assesserings tydperk. Die studielening help my verskriklik baie. Om te weet dat daar nie ekstra stres op my ouers se skouers is nie maak 'n groot verskil. Dit help om te weet jy het 'n wonderlike span agter jou. Dit help baie met my spannings vlakke oor die studiegelde. Tans het ek geen voorstelle om te gee nie. Inteendeel voel ek dat julle 'n goeie ondersteunings netwerk bied. Julle kommunikasie is duidelik en dit help my baie, veral omdat ek ongelukkig 'n effense vergeetagtige mens is! Baie dankie vir alles wat julle vir my en ander studente doen!!

Groete

Janco Stoltz

Opsomming van fonds:

VlokSkop Studiefonds - Vorderingsverslagverslag 2024

Hiermee gee die Helpende Hand Studietrust terugvoer met betrekking tot studiehulp toegestaan uit u studiefonds vir die jaar 2024.

Toekennings opgeneem in 2024:		
Naam:	**Van:**	**Bedrag:**
Carli	Kritzinger	R 51,448.00
Franko	van Wyk	R 75,248.00
Janco	Stoltz	R 51,380.00
Juria	Brand	R 79,565.00
Lizaan	JvRensburg	R 61,126.00
Sumandi	Campher	R 85,000.00
Suray	van Heerden	R 59,850.00
Wilmari	Du Preez	R 57,510.00
Totaal:		**R521,127.00**

Toekennings nie opgeneem in 2024:		
Naam:	**Van:**	**Bedrag:**
Geen		
Totaal:		**0**

Studiefondssaldo soos op 31 Maart 2024 (bruto saldo):	R	476941.51

Bedrag reeds uitbetaal vir 2024:	Bedrag nog uitbetaalbaar vir 2024:
R 240468	R 280659

Effektiewe studiefondssaldo (netto saldo):	R	196282.51

Kontak gerus die Helpende Hand Studietrust vir enige vrae met betrekking tot die vorderingsverslag. ‘n Volledige jaarverslag wat die terugvoer sal insluit vandat die studiefonds gestig is tot op datum word later in die jaar gestuur.

Aansoeke vir studiehulp in 2025 open op 1 Julie en sluit op 30 September, waarna die toekenningsproses sal aanvang neem.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.
Zander Botha
Afdelingshoof: Fondsbestuur